Sedert 1921
Wees jouself

# Laerskool Jan van Riebeeck

*Adres* Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
*Webtuiste* laerskooljanvanriebeeck.co.za
*E-pos* ontvangs@jvrprim.co.za
*Tel* 021 423 4209

**REDENAARS 2026: KOMPETISIE BEPLANNING & DATUMS** **28 November 2025**

**Skool open: 12 Januarie**

**Redenaars inligtingsessie: Woensdag, 14 Januarie in die mediasentrum om 18:00.**

**Video opnames vir kompetisies:** Podiumpret (2de ronde), Radikale Redenaars

- Neutrale agtergrond
- Skoolklere
- Kaartjies in die hand

**Voor gehoor deelname:** Podiumpret skoolbesoek **(Maart),** ATKV **(April),** Oppie Tong Af **(Mei)**

| KOMPETISIES | Datums | Wie behartig inskrywing: | Kostes |
|---|---|---|---|
| **1) Interne kompetisie** | Sluiting van inskrywings: 2 Februarie<br>Optrede: 10 – 13 Februarie (by ons skool) | **A. de Villiers** | **R50** |
| **2) Podiumpret** | Sluiting van inskrywings: 20 Februarie<br>Optrede: 17 Maart (by ons skool)<br>Volgende optrede: Video-opname | **Ouer/Voog** | **R240** |
| **3) ATKV (Hoof-kompetisie)** | Sluiting van inskrywings: 20 Februarie<br>Optrede: 15 – 16 April | **A. de Villiers** | **R240** |
| **4) Oppie Tong Af** | Sluiting van inskrywings: 25 Maart<br>Optrede: 4 – 14 Mei | **Ouer/Voog** | **R225** |
| **5) Radikale Redenaars** | Sluiting van inskrywings: 24 Maart<br>Optrede (Video-opname): Voor of op 10 April instuur | **A. de Villiers** | **R130** |

**Ons interne kompetisie bepaal watter leerders aan die ATKV-kompetisie deelneem.**

**Leerders wat nie die geleentheid kry om aan ATKV deel te neem nie kan nog steeds aan die ander kompetisies deelneem.**

Sedert 1921
Wees jouself

# Laerskool Jan van Riebeeck

Adres | Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
Webtuiste | laerskooljanvanriebeeck.co.za
E-pos | ontvangs@jvrprim.co.za
Tel | 021 423 4209

## Stappe vir inskrywing van Podiumpret en Oppie Tong Af:

**PODIUMPRET:** ***Ouer/Voog behartig inskrywings. Moet aanlyn registreer.***

- *Gaan na Podiumpret.co.za*
- *Kies opsie "winkel"*
- *Kies "redenaarstoespraak"*
- *Gaan af na Redenaarstoespraak en kies die derde blokkie, "Afrikaans redenaarstoespraak: Ervare"*
- *Voeg in mandjie en betaal die inskrywing.*

Besoek skool vir **opleiding-ronde** voor gehoor, daarna aanlyndeelname.

Deelname-sertifikate word aan elke deelnemer uitgereik vir elke ronde. Geen % word op die sertifikate van die 1^e^ en 2^de^ rondes geskryf nie omdat dit OPLEIDING is. Slegs in die 3^de^ ronde word jy "gemeet" teen ander deelnemers. Graadwenners se name kom op 'n plaatjie en word sedert 2016 in die tuin van die Afrikaanse Taalmonument geplaas.

**OPPIE TONG AF:** ***Ouer/Voog behartig inskrywings. Moet aanlyn registreer.***

- *Gaan na oppietongaf.co.za (skakel onderaan)*
- *Registreer jouself.*
- *Kies bo-aan die opsie "public speaking" en dan "Competition entries"*
- *Kies "single entry" en voer die nodige inligting in.*

Ek sal vroeg volgende jaar 'n vorm deel sodat jy kan aandui aan watter kompetisie(s) jou kind graag wil deelneem.

Die leerders gebruik **dieselfde toespraak** vir al die kompetisies. So indien jy Februarie gereed is, skryf sommer vir almal in!

Ek sien uit na 'n heerlike jaar vol redeneer!

**Vriendelike groete**

**Andri de Villiers (andri@jvrprim.co.za)**